

Woensdag Brief 19 Augustus 2020

Gegroet vanuit die pastorie

In my kop word baie nagedink oor gemeentewees. En nie net daaroor dit my werk is nie, maar oor ek belangstel. En nie soseer oor gemeentes nie, maar eintlik oor mense. En altyd beland my gedagtes in my hart. Gister gesels ek en 'n kollega wat ook reeds by dieselfde gemeente predikant was, oor sulke dinge. Hy vertel my 'n ware verhaal van 'n buurgemeente van die gemeente waar ek en hy in verskillende tye die predikant van was. Ek het ook soortgelyke gebeure beleef – almal waar, maar eers die een van my kollega:

Die gemeente is in 'n kUSDorpie wat na 1994 meer as verdubbel nadat baie mense daar vroeg gaan aftree het. Maar hierdie verhaal was voor daardie tyd. Toe was die gemeente nog klein gewees en kon ook net-net 'n predikant bekostig, maar nie net die lidmate nie, maar die hele dorp was baie lief vir die predikant. Die predikant was bekend daarvoor dat hy 'n enige motor kon regmaak en in daardie tyd was sulke persone skaars soos hoendertande.

Daar word vertel dat tydens die tweejaarlikse ringkommissie besoek aan die gemeente die vraag aan die kerkraad gevra is, hoe hulle predikant se boodskappe ervaar word. Byna eenparig het die lede van die kerkraad gesê hulle predikant se preke is nou nie eintlik noemenswaardig nie. Op die vraag of hy darem huisbesoek doen, en in daardie tyd was huisbesoek 'n heilige noodwendigheid, het hulle sonder skroom gesê hy doen byna geen huisbesoek nie. Maar, het hulle gesê, hulle is baie lief vir hulle predikant want hy kan hulle motors regmaak en dan kuier hulle land en sand so rondom die motor en spanners. Hulle is lief vir hom want hy is een van hulle en baie nuttig. Hulle soek beslis geen ander predikant nie.

lewers in die Kalahari terwyl ek die skriba van 'n Ring was, ontvang ons 'n versoek tot hulp van 'n gemeente oor hulle predikant wat eenvoudig nie kon preek nie. Die ringkommissie het gaan kuier by die gemeente om met die kerkraad en die predikant te gesels om te kyk of die saak beredder kan word. In die gesprek met die kerkraad het die kerkraad eenparig verklaar hulle soek geen ander predikant nie – hulle het die beste predikant op aarde – dis net dat hy nie kan preek nie. Hulle predikant is 'n mens-mens, hy doen nie huisbesoek nie, maar kom dikwels by die dorp se inwoners en ook op die plase, hy het 'n wysheid in sy gesels wat hulle altyd help en hy is liefdevol.

In die gesprek met die predikant het hy gestel hy wil by geen ander gemeente predikant wees nie, die gemeente is sy hart en dat hy weet hy kan nie preek nie. Die ringkommissie se hulp was uiteindelik om die predikant met kundige hulp te begelei dat prediking gaan om homself te wees as instrument van die Here. Na bietjie oefen het die predikant een Sondag skielik gesnap dat hy moet preek soos hy is en van toe af het hy een van die beste predikers in die kontrei geword.

Die gesprek tussen my en die kollega het juis gegaan oor hoe nou gemaak in die nuwe era waar gemeentelike bediening meesal aanbeveel word na 'n gemeente-missie. Die herderkudde model is oudmodies en die leiding in 'n gemeente kan nie meer van bo af ondertoe wees nie, e.d.m. Dis toe dat hy my die verhaal vertel en ek aan myne dink. Die kort en die lank van ons insig was dat predikante wat uitstekend kan preek, word waarskynlik waardeer, maar hulle is nie dikwels geliefd nie. Predikante wat met die lidmate mengel is geliefde predikante al kan hulle nie preek nie.

Toe ek by die departement Ou-Nabye-Oosterse Studies (lees Hebreeus) die assistent was tydens my studiejaar in teologie, het ek 'n ruk saam met prof. Ferdinand Deist gewerk. Sy volle in- en uitgang met die akademie en aspirant predikant wat deur Hebreeus moes worstel was ampertjies soos 'n storie wat vertel word want hy het in vele lesings graag stories vertel om die saak van die dag in te kleur. Dit gaan om die mens se hart en nie om sy kop nie, het hy gemeen. Predikante moet dit geleer word, veel eerder as hoe om te preek. En, was sy oortuiging, 'n mens kan net preek soos jy regtig is anderster is jy akademies en daarna luister niemand nie. En só is Hebreeus en Aramees ook – die tale is storie-agtig sodat die mens se hart dit kan ontvang eerder as die kop. As mens dit verstaan sal jy ook Hebreeus verstaan en die Ou Testament en Jesus ook.

Prof. Deist, nou al oorlede, sou van hierdie omgekeerde storie-gedig van Cas Vos gehou het:

Die Here is nie my herder nie

Die here is nie my herder nie,
ek kom alles kort.
Hy lei my na leegtes,
laat my bloedsweet,
bring my na 'n woestyn
sonder manna se genade
op die deinende duine.
Hy lei my op omweë
om sy verlore eer te soek.

Ek kruip deur donker dieptes,
my hart skommel bang;
U het u hand teruggetrek,
ek kyk vas teen u rug.
U laat my aan 'n kruis hang
terwyl my vyande koggel.

U ontvang my soos 'n rower,
ek is oorlaai met skuld.
Al staan u stilte my stom,
sal ek na U bly roep,
ek, u weggooilam.

Mooiloop tot volgende week.

Ds. Jan